# AgriSA/VL Plaas protokol

**AANHEF**

Die Landelike Beveiligingstrategie, soos ontwikkel en geïmplementeer deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, maak voorsiening vir die implementering van 'n protokol om toegang tot plase te bestuur.

In die lig van die voorkoms van misdaad in landelike boerderygebiede en aanvalle op plaasbewoners betree die volgende groeperings van besoekers plaasgrond op basis van die reëlings soos hierin uiteengesit.

**1. VEILIGHEIDSDIENSTE**

Dit sluit in die SA Polisie Diens en die SA Nasionale Weermag.

1.1 Verkieslik per vooraf reëling. Hierdie reëling val weg indien die grondeienaar of persoon in beheer van die betrokke eiendom in persoon die onderwerp van optrede deur veiligheidsdienste is*.

1.2 In duidelike uitkenbare voertuie en kleredrag (uniforms).

1.3 Meld onmiddellik aan by die eienaar en/of persoon in beheer van die eiendom wanneer die eiendom betree/binne gegaan word en toon 'n aanstellingsertifikaat.

1.4 Lig die eienaar en/of persoon in beheer in oor die aard en verwagte tydsduur van die beoogde optrede op die grond.

1.5 Grondeienaars onderneem om hulle samewerking aan die veiligheidsmagte te verleen in die uitvoering van hul pligte.

**2. ANDER AMPTENARE WAT INGEVOLGE STATUTÊRE REËLINGS DIE BEVOEGDHEID/REG HET OM GROND TE BETREE IN DIE UITVOERING VAN HUL PLIGTE:**

By hierdie groep word ingesluit inspekteurs van die Departemente van Arbeid, Binnelandse Sake, Gesondheid, Landbou ens.

2.1 ‘n Vooraf reëling/afspraak/toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die eiendom is noodsaaklik om toegang te vergemaklik.

*Reëling bereik in terme van ‘n ooreenkoms met die polisie gedurende Mei 2002.

2.2 Wanneer die eiendom betree of perseel binne gegaan word, moet daar onmiddellik by die eienaar of persoon in beheer van die eiendom aangemeld word.

2.3 Die amptenaar moet homself behoorlik identifiseer, uiteensit wat die doel van sy besoek is en hoe lank hy op die eiendom sal vertoef.

2.4 Die amptenaar sal geen ander take of aksies verrig as dit waarvoor hy toestemming verkry het nie.

2.5 Indien die amptenaar nie daarin slaag om ’n afspraak te maak nie omdat hy nie kontak kan maak met die eienaar/persoon in beheer van die eiendom nie, of omdat die versoek om ’n afspraak afgewys word, dan kan hy die plaaslike landbouvereniging of provinsiale landbou organisasie of die SAPD nader om hom by te staan.

## 3. PRIVAAT PERSONE WAT INGEVOLGE ’N STATUTÊRE REËLING BESOEKE OP PLASE KAN AFLÊ

Dit sluit in mense wat bv ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Verblyfsekerheid ’n reg het om bewoners op ’n plaas te besoek

3.1 Slegs per vooraf reëling/afspraak met die eienaar of die persoon in beheer van die eiendom.

3.2 Die besoeker mag net ’n vooraf ooreengekome roete na die plaaswerkerhuise of voorouergrafte gebruik.

3.3 Daar moet ’n duidelike ooreenkoms wees oor die tydsduur van die besoek.

3.4 Die besoeker sal geen aktiwiteite onderneem anders as waarvoor hy/sy skriftelik toestemming verkry het nie.

## 4. PRIVATE PERSONE SONDER STATUTÊRE REGTE

Dit sluit bv in navorsers, politieke organiseerders werkerorganiseerders, godsdienswerkers en so meer.

4.1 Per reëling om plaaswerkers te ontmoet op ’n geskikte openbare bymekaarkomplek van die plaas af.

4.2 Landbouprodusente sal dit vir hul plaaswerkers moontlik maak om sodanige geleenthede by te woon, insluitend, waar prakties moontlik, die verskaffing van vervoer na die bymekaar kom plek.

*Reëling bereik in terme van ‘n ooreenkoms met die polisie gedurende Mei 2002.

4.3 Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle sal die persone toegelaat word om die eiendom te betree en dan met ’n baie uitdruklike reëling met die eienaar of persoon in beheer van die eiendom en op sodanige voorwaardes as wat so 'n persoon mag voorskryf.

**5. ALGEMEEN**

5.1 Landbou-organisasies en die breë landbougemeenskap se benadering sal wees om die veiligheidsituasie met hierdie werkswyse te bestendig en sal nie die protokol gebruik om mense wat ’n bona fide reg of versoek het om die eiendom te betree op onredelike wyse sodanige betreding te ontsê nie.

5.2 Amptenare en persone wat toegang tot eiendom wil verkry sal begrip toon vir die noodtoestand wat tans op plase heers en hul nie skuldig maak aan uitlokkende of uitdagende optrede nie en sal versoeke om toegang tot plase beperk tot wat redelikerwys noodsaaklik of gewens is.

**6. KENNISGEWINGBORD**

Die onderstaande kennisgewingbord is deur Agri SA se Landelike Beveiligingskomitee aanvaar vir gebruik.

Die bord bestaan uit twee dele naamlik ‘n Plaas Protokol gedeelte en ‘n gedeelte wat vir ‘n plaasnommer gereserveer is. Beide Agri SA se groeplogo en die betrokke provinsiale organisasie van Agri SA se logos mag op die bord aangebring word.

**Sien onderstaande AgriSA / VL protokol bord**